DIE PUNTESTELSEL

INLEIDING

Die gedragskode, wat reëls aangaande skoolsake, kleredrag, persoonlike voorkoms, asook die dissiplinêre reëls en strawwe vervat, se hoofdoel is die vasstelling en bevordering van 'n standaard wat die skool wil daarstel om sy missie uit te voer en om selfdissipline by die leerders van die skool te kweek.

MISSIE

"Hierdie opvoedkundige instansie wend toekomsgerigte kundiges aan om leerder-potensiaal te ontsluit en ontwikkel". Die gedragskode is so opgestel dat die gedrag van 'n leerder in die skoolomgewing sodanig is, dat die akademiese ontwikkeling en prestasie so kan geskied dat elke leerder tot volle potensiaal kan ontwikkel in 'n geordende struktuur.
Daar moet beklemtoon word dat die ontwikkeling van selfdissipline in 'n leerder nie net die verantwoordelikheid van die skool is nie, maar wel grotendeels 'n vennootskap tussen die ouer, gemeenskap en skool: "'n Kind is die produk van sy/haar omstandighede".
Ons glo dat die puntestelsel die regverdigste manier sal wees om leerders, wat hulle nie by die reëls en gedragskode hou nie, te straf, asook om die leerders wat wil werk, die nodige kwaliteitonderrig te kan gee. Dit is dus nodig dat die leerder en die ouer, wat leiding aan sy kind moet gee, die stelsel moet onderskryf en hulle daaraan onderwerp om sodoende te sorg dat die kind se belange en regte, asook dié met wie hy die skool deel, gerespekteer en beskerm word.

PROSEDURE

A. Debiete

1. Indien daar 'n oortreding is, word dit deur die betrokke personeellid op die nodige vorm ingevul. (Strafbrief of klaslys)
2. 'n Strafpunt word aan 'n sekere oortreding gekoppel.
3. Die tipe oortreding bepaal dan ook die hoeveelheid wat afgetrek word. Vir ernstiger oortredings kan die betrokke leerder na die hoof of een van die adjunkhoofde gestuur word.
4. Daar sal elke 2 weke 'n staat uitgedruk word waarop al die oortredings verskyn. Die laaste staat van die kwartaal sal aan die rapport / puntestaat vasgeheg word.
5. Die punte wat van 'n leerder afgetrek word, sal op rekord gehou word. **Foute of navrae moet na kamer 2 (Mev. Steenkamp) tydens pouses verwys word en hanteer en reg gestel word voordat die volgende puntestaat ontvang word.** Geen navrae sal hanteer word as dit nie binne die 2 weke voor die nuutste puntestaat uitgedeel word, aangemeld word nie.
6. Strafpunte vir voorkoms sal 2 keer -10 wees en die derde keer en daarna -50 wees.

7. Geen navrae oor strafpunte sal tydens 'n dissiplinêre verhoor bespreek word nie.

GEVOLGE VAN AKKUMULERING VAN STRAFPUNTE:

1. Wanneer 5O strafpunte akkumuleer het, word detensie gesit en +50 punte word verdien.
2. 'n Volgende detensie word gegee indien 'n leerder nie opgedaag het vir die eerste detensie nie en 'n sms word vir die ouer gestuur. 'n Strafpunt van -5O word gegee en daar moet dus nou twee keer detensie gedoen word.
3. Wanneer -200 punte in die oortredingskolom van die strafpuntestaat akkumuleer het, sal die ouers 'n sms ontvang.
4. Sodra -400 punte in die oortredingskolom van die strafpuntestaat akkumuleer het, sal die leerder ingeroep word. Die leerder sal ook 'n skriftelike waarskuwing ontvang. Ouers sal deur middel van 'n sms gekontak word.
5. Indien daar enige verdere strafpunte in die oortredingskolom van die strafpuntstaat akkumuleer het, sal die ouer/voog deur die skool gekontak word om n afspraak te maak om die strafpunte te bespreek. Die leerder sal hierna gemonitor word. Indien die gewenste resultate nie bereik word nie en die punte aanhou akkumuleer, sal 'n dissiplinêre verhoor plaasvind.
6. Leerders moet nie in die gewoonte kom om strafpunte te kry en dan af te werk nie.
7. Die beleid van die skool is dat alle strafpunte afgewerk moet word. Indien 'n leerder vir skorsing aanbeveel word, moet die punte nog steeds afgewerk word.

DETENSIE

Detensie is 'n **verpligte** handeling wat die volgende beteken:

- 'n Leerder word in kennis gestel van detensie deur middel van 'n kennisgewing, om op 'n bepaalde middag detensie by te woon. Leerders teken erkenning van ontvangs vir hierdie kennisgewing.
- Detensie vind plaas vanaf Dinsdae tot Donderdae vanaf 14:15 tot 16:15.
- **Detensie mag vir enige leerder gegee word en detensie geniet voorkeur bo enige aktiwiteit, soos bv. sportoefening.**
  'n Leerder kan net +50 vir detensie kry. Om +50 te kry, moet die leerder die volle detensie sit. Niemand sal voor die einde van die sessie verskoon word nie. Indien die leerder voor die tyd loop, sal geen pluspunte toegeken word nie.
- **Verskonings:** Leerders ontvang gewoonlik kennisgewing van detensie 'n week voor die detensiedatum en indien detensie nie bygewoon kan word nie a.g.v dokters- of lisensie-afsprake (wat gemaak is VOOR die kennisgewing wat die detensie ontvang is), of enige ander rede, moet daar voor die dag van detensie 'n reëling gemaak word by mev. Muller. Leerders kan nie op die dag van detensie, of nadat hul reeds die detensie nie bygewoon het nie, verskoning kom maak nie. Leerders wat detensie het en bv. Wiskunde-klasse het, moet VOORAF n reëling kom maak, sodat detensie nie op daardie spesifieke middag geskeduleer word nie. Detensie geniet ook voorkeur bo enige aktiwiteite wat nie 'n skoolaktiwiteit is nie.
  "Geen vervoer" kan nie as 'n verskoning gebruik word om nie detensie by te woon nie, aangesien leerders die kennisgewing van detensiedatums reeds 'n week voor die detensie ontvang. Leerders en ouers het dus genoeg tyd om reëlings vir vervoer te tref. **Ekstra klas mag nie detensie vervang nie.**
- **Verskonings kan slegs tydens voogperiode en/of pouses gemaak word.**
- Indien 'n leerder vroeg uitgeteken word op 'n dag wat detensie geskeduleer is, moet hulle Mev. Muller in kennis stel voor hulle die skool verlaat.

LEERDERS MAG NIE LAAT KOM VIR DETENSIE OF VROEG LOOP NIE.

Die hoof mag haar diskresie gebruik om 'n detensie as addisionele straf op 'n Vry-dagmiddag te gee. Hierdie detensie sal nie vir die vermindering van strafpunte in ag geneem word nie.

Enige verskonings/korrespondensie in verband met detensie kan aan Mev. Muller ge-epos word by sonikam@maraisviljoen.co.za.

B. Krediete (Belonings)

1. Leerders kan positiewe punte (krediete) verwerf soos in die kredietetabel uiteengesit.

2. Indien 'n leerder vir 'n hele kwartaal geen strafpunte verloor nie, moet hy/sy die bewyse na mev. Steenkamp in kamer 2 neem, dan sal die leerder 50 positiewe punte verwerf.
3. Positiewe punte sal op rekord gehou word.
4. Positiewe punte ÷ 3 = lojaliteitsure.

KREDIETE		
1	Akademiese vordering (ten minste 5% Graad 8 - 12 gem.)	20
2	Akademiese vordering (ten minste 10% Graad 8 - 12 gem.)	50
3	Geen strafpunte verloor nie	50
4	Lojaliteitsbalkie word ingeruil vir	100

- Alle navrae moet binne twee weke nadat puntestaat uitgegee is, afgehandel word.
- Geen navrae oor strafpunte sal tydens 'n dissiplinêre verhoor bespreek word nie. Krediete word deur me. L. Steenkamp hanteer. Leerders moet self na me. L. Steenkamp toe gaan en hul bewyse saamneem. 'n Eis vir positiewe punte moet binne 'n kwartaal afgehandel word.

SMT MAG DISKRESIE GEBRUIK OM STRAFPUNTE AAN TE PAS.

SKEDULE 1
(Ernstige wangedrag wat tot 150 strafpunte of 'n dissiplinêre verhoor kan lei)

'n Leerder sal hom of haarself skuldig maak aan ernstige wangedrag indien hy/sy met opset en sonder regverdigingsgronde –

(a) Onderrig ernstig ontwrig, bedreig of bemoeilik in die klaskamer;
(b) Saamsweer in 'n komplot om die funksionering van die skool te ontwrig deur gesamentlike aksies;
(c) 'n ander se waardigheid aantas of lasterlike opmerkings teenoor enige leerder of ander persoon maak. Rassisitiese opmerkings is hierby ingesluit;
(d) In die besit is van toets- of eksamenmateriaal, of dit versprei wat hom/haarself of 'n ander persoon 'n onregverdige voordeel kan verskaf in 'n toets of eksamen;
(e) Kul in 'n toets, eksamen of enige ander assesseringsgeleentheid soos bv. Opdragte;
(f) Hom/haarself skuldig maak aan openbare onsedelikheid;
Hom/haarself skuldig maak aan seksuele teistering;
(g) In die besit is, of verantwoordelik is vir die verspreiding van pornografiese materiaal; of
(h) Onder die invloed is, of in besit is, van alkohol.

SKEDULE 2 (Ernstige wangedrag wat tot permanente skorsing kan lei.)
'n Leerder sal skuldig wees aan ernstige wangedrag indien hy/sy
(a) Skuldig bevind word aan wangedrag soos vervat in skedule 1, nadat die leerder twee keer vantevore skuldig bevind is aan dieselfde of soortgelyke wangedrag;
(b) Nie voldoen aan die vereistes van die straf of 7-dag tydelike skorsing nie;
(c) Opsetlik en sonder 'n regverdigingsgrond:

- Enige dokument of handtekening vervals wat die skool kan benadeel;
- Handeldryf met enige toets- of eksamenvraestel, of enige toets-of eksamenmateriaal;
- "n poging(s) aanwend om 'n persoon/persone om te koop om sodoende vir hom/haarself en/of enige iemand anders 'n onregverdige voordeel in 'n toets of eksamen te verseker;
- Bedrog pleeg;
- Hom/haarself skuldig maak aan diefstal, of enige oneerlike dade wat skade/nadeel aan 'n ander verskaf;
- In die besit is van, dit gebruik, of handeldryf met onwettige en/of skadelike middels;
- In die besit is van dwelmmiddels, dit gebruik of oordra, of as daar ooglopende bewyse van sodanige besit, gebruik of oordrag is;

- In die besit is van 'n gevaarlike wapen;
- 'n ander persoon aanrand, of dreig om 'n persoon aan te rand;
- 'n persoon gyselaar hou;
- 'n persoon vermoor;
- 'n persoon verkrag of hom/haar skuldig maak aan seksuele gedrag wat neerkom op 'n kriminele oortreding, of
- Kwaadwillige saakbeskadiging pleeg

In die geval van enige dispute rakende die vertaling van die wet, sal die amptelike Engelse "Schools Act" as amptelike bron gebruik word.

REËL	OORTREDING	DEBIET
1	Swak gedrag Steek eiendom weg Uitdaag van gesag Enige vorm van aanhitsing om gesag te ondermyn en reels te verbreek Versuim duidelike opdrag	10 20 20 Skedule 1 10
2	Baklei , Dreig , Intimidasie , Boelie Doelbewuste besering veroorsaak Aanhitsing van bakleiery Afneem van bakleiery	Skedule 1 150 100 50
3	In teenwoordigheid van rokers In besit van sigaretaanstekers, vuurhoutjies, sigarette, elektroniese sigarette of hubbly Rook in skooldrag buite of op skoolterrein	50 100 en word gekonfiskeer 200 en word gekonfiskeer
4	Ernstige beskadiging van fasiliteite Beskadig eiendom, medepligtige Krap op bank Bolle nat papier, Pritt-buisies teen plafon Graffiti, slagspreuke, simbole op tas of dagboek	Skedule 1 100 50 50 20
5	In die besit van dwelms, dit gebruik of oordra of as daar ooglopende bewyse van sodanige besit, gebruik of oordrag is In besit van vuurwapens, ander gevaarlike wapens, klappers In besit is van alkohol, dit gebruik, handeldryf of onder die invloed is Dobbelary	Skedule 2 Skedule 2 Skedule 2 100
6	Verlaat skool sonder verlof, teken uit met vervalste brief , gebruik iemand anders se dagboek Afwesig van skool sonder toestemming of rede Afwesig van klas, inspeksie, aantree, voog sonder toestemming (Kan meer kere per dag 20 punte verloor as meer as een klas versuim)	50 50 20
7	Oneerlikheid Vervals handtekening, Steel stempel Skryf brief namens iemand, vervalste telefoonoproep	20 Skedule 2 Skedule 2
8	Leen huiswerk uit vir afskryf Skryf huiswerk af Doen ander vak se werk in klas Werk nie in klas nie	10 10 10 10

9	Oneerbiedig teenoor VLR-lid, bestuurspanlid Vloek, kwetsende opmerkings tussen leerlinge of teenoor personeel Oneerbiedig, rassisties, diskriminerend teenoor personeel, werkers, leerders Praat 'n ander taal as Afrikaans of Engels tydens klastyd of in die teenwoordigheid 'n van personeellid.	10 50 Skedule 1 50
10	Negatiewe kommentaar, skending van karakter op sosiale media	Skedule 1
11	Geskeerde wenkbroue Voorkoms nie reg nie, slordig, skooldrag nie reg nie Naels te lank, dra juwele Hare nie volgens skoolreëls nie, nie geskeer nie Nie skoolklere aan by sportgeleentheid nie Gekleurde hare	50 10 10 10 20 50
12	Afwesig van sportspan, dienspunt, kultuuroptrede	 30
13	Laat vir skool, klas	10
14	Strooi rommel binne of buite terrein	10
15	Sit op verkeerde plek in die klaskamer of eksamenlokaal	15
16	Verbode terrein gedurende pouse (tussen of bo tydelike klasse, tennis- of netbalbane, lapas, motors, motorhok, tussen heining en atletiekbaan, tussen A-rugbyveld en heining, tussen A-rugbyveld en netbalbane) Deur vensters klim In volwassenes se kleedkamers In woonkwartiere van werkers Wag nie in aangewese area nie.	10 20
17	Liefkoos, onvanpaste of onsedelike gedrag Hou hande vas in skooldrag	50 10
18	Versuim om dokumentasie terug te bring	5 per dag
19	Handboek, dagboek, skrif, huiswerk, instrumente nie by skool nie Huiswerkversuim Toetse nie geteken nie	10 10 5 per dag
20	Weiering van direkte opdrag Ontwrig groep, byeenkoms, klas (gesels, maak opmerkings)	10 10
21	Eet, drink in klas, kougom op skoolterrein	10
22	Spoeg	30
23	Gebruik van kameras, selfoon kameras, video kameras gedurende skoolure Laai en gebruik van sagteware, rekenaarspeletjies op skoolrekenaars Onwettige gebruik van skooldata, programme	30 30 100
24	Ry van fiets, skaatsplank op skoolgrond	20
25	Manipulering van dataprojektor, lugversorger	100

26	Skedule 1 oortredings van skolewet Skedule 2 oortredings van skolewet	150 of dissiplinêre verhoor Dissiplinêre verhoor, moontlike skorsing